Donderdag **18 Januarie**

**Skrifgedeelte: Deuteronomium 29:1-23**

**Fokusgedeelte: Deuteronomium 29:1-23**

**Die Here se verbond met ’n nuwe geslag in nuwe omstandighede**

Hoor ons van die Here God se verbond, dink ’n mens terug aan die doop. So koppel ons die verbond aan die verlede. In werklikheid raak die Here se verbond met ons, benewens die verlede, ook die hede en toekoms.

Die Here het sy volk uit Egipte gelei. By Horeb het Hy sy verbond met hulle gesluit. Ondanks sy troue sorg en beskerming het hulle Hom nie vertrou om die beloofde land vir hulle te gee nie. ’n Hele kleingelowige geslag het omgekom (Num. 14:23).

Veertig jaar het verloop. Naby die einde van sy lewe en by die grense van die beloofde land het Moses die Here se verbond met die nuwe geslag hernu. Sy verbond geld oud en jonk; leiers en volgelinge; base en dienaars; mans en vroue; selfs die nie-Israeliete by hulle en die komende geslagte (Deut. 29:10, 11, 15). Die Here se genade is grensloos.

Juis die volk se neiging (ook ons s’n) om ontrou aan die Here te raak, noodsaak meer as verbondsvernuwing met ’n nuwe geslag. In en deur Jesus Christus het God ’n nuwe verbond gesluit. Die inhoud van die verbond by Horeb bly geldig: Hy is ons God en ons sy volk aan wie Hy Hom in genade verbind het (Deut. 29:13). Ons, geloofsnasate van Abraham (Rom. 4:12), kan sy beloftes gelowig toeëien.

Die Here stel wel eise: Ons moet Hom as die enigste God erken en Hom alleen heelhartig dien. Wie dit doen, ervaar sy seën. Wie afdwaal, ervaar weer dat die tugmaatreëls wat by die verbondsluiting aangekondig is, in werking tree. Die Here se doel met die tugmaatreëls is om ons verhouding met Hom te herstel.

Ons en ons kinders moet onder leiding van die Heilige Gees in ’n getroue, lewende verhouding leef met die Here ons God.

*Sing: Psalm 89-1:1, 6 / 89-2:1, 5*

*Ds. JH (Johan) Jordaan (Emeritus)*